1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

**Algemene navrae/ General enquiries:**
**navrae@daniemalan.co.za**
**Vrystellings/ Exemptions:**
**finansies2@daniemalan.co.za**
**Hoof/ Principal:**

**Akademie/ Academic:**
**hbloem58@gmail.com**
**Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:**
**ontvangs@daniemalan.co.za**
**Finansies / Finances :**
**finansies@daniemalan.co.za**
**Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:**
**pietervanzyl82@gmail.com**

# OMSENDBRIEF 29 – 1 SEPTEMBER 2015

**Geagte ouers**

**PERSONEEL:**

Baie geluk aan Mnr Sunnyboy Phalane wat op 4 September verjaar, Mev. Yolanda Bester en Mev. Erica van Wyk wat op 6 September verjaar.

**VOORLOPIGE DATUMS VIR KWARTAAL 3 VAN 2015**

| | |
|---|---|
| 1 September | **TOETS: TEGNOLOGIE GR. 7**<br>Graad 5 – Diensraad of skolierpatrollie aansoeke terug<br>Sagtebal: Hermanstad (weg)<br>Krieket: O/12A: Skuilkrans (weg)<br>Krieket: O/13A: Skuilkrans (tuis)<br>Malanne Deuntjies Staatsteater (aand) Kleedrepetisie in skooltyd. |
| 2 September | SEKRETARESSEDAG<br>Krieket: O/9A: Skuilkrans (tuis) |
| 3 September | **TOETS: NW/T GR 4 – 6 & NW GR. 7**<br>Sagtebal: Broederstroom (weg)<br>Krieket: O/10A: Skuilkrans (weg)<br>Krieket: O/11A: Skuilkrans (tuis) |
| 4 September | **LOSLITDAG** |
| 5 September | Hokkie O/11 – Garsfontein<br>Hokkie O/13 – Midstream<br>Hokkie O 13 – Menlo |
| 7 September | **MNR EN MEJ DANIE MALAN GR R + 1**<br>**WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD**<br>Tennisliga<br>Golfkamp (skool)<br>Krieket: O/9B: Lindopark (tuis) |
| 8 September | **TOETS: GESKIEDENIS GR. 4 – 7**<br>**MNR EN MEJ DANIE MALAN GR 4-5**<br>**WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD**<br>Sagtebal: Haakdoorn & Magalieskruin (tuis)<br>Krieket: O/12A: Garsfontein (tuis)<br>Krieket: O/13A: Garsfontein (weg) |
| 9 September | **MNR EN MEJ DANIE MALAN GR 2 + 3**<br>**WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD**<br>Krieket: O/9A Garsfontein (weg) |
| 10 September | **TOETS: AARDRYKSKUNDE GR. 4 - 7**<br>**MNR EN MEJ DANIE MALAN GR 6 + 7**<br>**WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD**<br>Sagtebal: GHS (weg)<br>Krieket: O/10A : Garsfontein (tuis) |
| | Krieket: O/11A : Garsfontein (weg) |
| 11 September | **WETENSKAP EKSPO IN KLASTYD** |
| 12 September | Landloop SA Nasionale Kampioenskappe<br>Hokkie O/11 – Magalies<br>Hokkie O/11 Tygerpoort<br>Hokkie O/13 – CBCA<br>Hokkie O/12 – Rooihuiskraal |
| 14 September | Aankondiging van nuwe Skolierpatrollie en Diensraad 2016<br>Tennis: Interne skoolkampioenskappe |
| 15 September | **ANA-TOETSE GR 1 - 7**<br>Tennis: Interne skoolkampioenskappe<br>Sagtebal: kwarteind oorkruiswedstryde Rietondale Park |
| 16 September | **ANA-TOETSE GR 1 - 7**<br>**WETENSKAP EKSPO GALA 18:00**<br>Tennis: Interne skoolkampioenskappe |
| 17 September | **ANA-TOETSE GR 1 - 7**<br>Tennis: Interne skoolkampioenskappe<br>Sagtebal: Halfeind: Rietondale Park |
| 18 September | **ANA-TOETSE GR 1 – 7** |
| 19 September | Hokkie O/12 – Midstream Ridge<br>Hokkie O/13 – Magalies<br>Hokkie O/13 – CHC |
| 21 September | Tennis: Interne skoolkampioenskappe |
| 22 September | **TOETS: EBW (GRAAD 7)**<br>Tennis: Interne skoolkampioenskappe<br>Sagtebal: Tshwane kampioenskap : Rietondale Park |
| 23 September | Opvoedkundige uitstappie: Gr 1 : Die Plaaswerf : Irene<br>Tennis: Interne skoolkampioenskappe |
| 24 September | **ERFENISDAG** |
| 25 September | **SKOOLVAKANSIEDAG** |
| 28 September | **RAPPORTE UIT GF**<br>Tennisliga |
| 29 September | **GF OUERAAND** |
| 30 September | Opvoedkundige uitstappie: Graad 3 : Dieretuin |
| 1 Oktober | Opvoedkundige uitstappies:<br>Graad 2 : Pioniersmuseum<br>Graad 4 : Sammy Marks<br>Graad 7: Cullinan myn<br>GRAAD 7 SOKKIE |
| 2 Oktober | **SKOOL SLUIT 11:00**<br>Markdag Gr. 7 |
| 4 Oktober | **SKOOL VERJAAR 111 jaar oud** |

**BAIE BELANGRIK!**
**VOORLOPIGE NOVEMBER – DESEMBER DATUMS:**

- Eksamens sal plaasvind vanaf 18 November tot 2 Desember.
- Graad 7: Die Bela–Bela afsluiting vind plaas op Vrydag 13 November en die Kerkafsluiting op Vrydag 27 November om 10:30. Neem ook kennis dat die einde van die jaar se eksamen 60% van die Graad 7's se jaarpunt tel.
- Graad 3: Skryf 'n Nasionale vraestel in Wiskunde en Engels van 30 November tot 2 Desember, en sal vir Rapport tel.
- Graad 4 – 6: Skryf 'n Nasionale vraestel in Wiskunde, Engels en NW/TEG van 30 November tot 2 Desember. **NB! Dit is al vraestel wat tel vir die Rapport. (Eksamen)**
- Graad 4 – 7: Sport, leierskap en Kultuur Merietefunksie vind plaas op 12 November. Die Akademiese Merietefunksie vind plaas op 7 Desember na afloop van die eksamen, aangesien kwartaal 4 se punte ook in berekening gebring word.
- Graad 1-3 het net een Merietefunksie op 11 November.
- Rapporte word op 9 Desember tussen 07:30 en 10:00 uitgedeel.

**LOSLITDAG:**

Vrydag 4 September is Loslitdag. Die tema die jaar is "Lente". Die leerders kan R10 betaal wat geskenk sal word aan Alma skool. Die leerders mag gewone klere aantrek. Ons wil nie hê dat enige kind nie gewone klere dra op die dag nie. Indien u nie die R10 kan betaal nie, skryf asb 'n briefie aan die voogonderwyser sodat hy/sy kennis kan neem daarvan. Ons vra ook dat die leerlinge wat kan, op daardie dag 'n plant vir ons skool sal skenk om in ons tuine te plant. Alma skool is vir gestremde leerders.

**BARNYARD VERTONING:**

Die Graad Sewes het weer 'n fondsinsamelings geleentheid.
Vrydag 25 September 2015
Plek: Barnyard
Koste: R70 per persoon
Tyd: 20:00
Vertoning: 50 Carat Gold – "The 50 Greatest Songs of All time"

**AFSKEURSTROKIE VAN OMSENDBRIEF 29/2015**

**Ek, ______________________________ouer of voog van ______________________________ in Gr. ______/______ neem kennis van Omsendskrywe 29 van 2015.**

**Ek wil 'n harde kopie van die skoolrekening ontvang. JA / NEE**

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

**Algemene navrae/ General enquiries:**
**navrae@daniemalan.co.za**
**Vrystellings/ Exemptions:**
**finansies2@daniemalan.co.za**
**Hoof/ Principal:**
**hoof@daniemalan.co.za**

**Akademie/ Academic:**
**hbloem58@gmail.com**
**Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:**
**ontvangs@daniemalan.co.za**
**Finansies / Finances :**
**finansies@daniemalan.co.za**
**Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:**
**fventer@daniemalan.co.za**

# OMSENDBRIEF 29 – 1 SEPTEMBER 2015

Kaartjies is beskikbaar by die kantoor.
Ons sal dit waardeer indien u hierdie geleentheid sal ondersteun.
Die kaartjies vir die vertoning kos gewoonlik R170.

**SKOOLDRAG:**

Vanaf September dra die leerders weer Somersdrag. Die leerders mag dan nie meer mussies, serpe of sykouse dra nie. U samewerking in die verband word waardeer.

**OUERS WAT OMGEE – BIDGROEP**

Daar is Woensdae om 07:15 ‘n bidgroep wat bo in die losie bymekaarkom. Die groep ouers bid vir ons leerders, skool, gemeenskap en spesifieke sake wat onder hul aandag gebring word. Ons sal bly wees indien daar nog ouers is wat by die groep wil inskakel.

**MALANNE DEUNTJIES & JUNIOR JOLYT:**

Baie geluk aan die Malanne Deuntjies wat ‘n A+ simbool by die Noorderkruin Kunstefees behaal het. Geluk en baie dankie aan Juf. Anneri Odendaal, Juf. Chantell Schlecther en Mnr. Casper Snyman. Die Junior Jolyt het ‘n A simbool behaal by die Noorderkruin Kunstefees. Geluk aan Mev. Megan Barnard en haar span.

**SOSIALE WETENSKAP OLIMPIADE:**

Londeka Ngwena behaal ‘n eerste plek in die Sosiale Wetenskap Olimpiade met ‘n gemiddeld van 85%. Op 17 Oktober neem sy deel op die volgende vlak in Johannesburg.

**HOKKIE:**

Die O/13 dogters wen 1 – 0 teen Du Preez van Wyk. Baie geluk!

**LANDLOOP:**

Die volgende vyf atlete het Gauteng Noord- en Distrikkleure verwerf en gaan op 12 September aan die S.A. Kampioenskappe in Middelburg deelneem:
O/8 Altjé Conradie, Ashlee Jordaan
O/11 Ricus Benade
O/12 Déjuan Erasmus
O/13 Dylan McMaster

Juf. Adri van Dyk en juf. Hettie Smith het ook span gekry. Baie geluk, ons is trots op julle!

**ONBEKENDE DEPOSITO’S:**

Die verwysings van die volgende elektroniese betalings wat ons ontvang het, is onbekend. Indien u enige van hierdie betalings gemaak het kontak asb. vir Annelize by die finansiële kantoor om die nodige regstelling aan te bring.

| Datum | Verwysing | Bedrag |
|---|---|---|
| 2015/06/01 | Advertensie omsendbrief | R620 |
| 2015/08/22 | 060260028 | R760 |

**SAGTEBAL:**

Ons het sewe wedstryde gespeel teen Laerskool Genl. Beyers, en ses gewen.
Die O/10 seuns wen 16 – 8. Die beste kolwer en die beste veldwerker was Owen Kühn.
Die O/11 seuns wen 10 - 9. Die beste kolwer was Tshepang Mamabolo.
Die O/13 seuns wen 13 – 2. Die beste kolwer was George Hammond en die beste veldwerkers Theo Malan en Jeandré van der Nest.
Die O/10 dogters wen 6 – 2. Die beste kolwer was Genet le Roux en die beste veldwerkers Megan Hulme en Kayla Jacobs.
By die O/11 dogters was die beste kolwer Timoné Manders.
Die O/12 dogters wen 18 – 8. Duné Liebenberg (7 tuislopies) was die beste kolwer en Leandi Duursema en Christelle Samons was die beste veldwerkers.
Die O/13 dogters wen 11 – 3.
Baie geluk aan die spanne en spelers.
NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VOLGENDE DATUMS WAT VERANDER A.G.V. DIE LANGNAWEEK:
15 Sept. Oorkruis (nie meer 17de)
17 Sept. Halfeind (nie meer 22ste)
22 Sept. Finaal (nie meer 29ste)

**TENNIS:**

Die uitslae van die Tenniswedstryde wat gespeel is, is soos volg:
Die eerste Seunspan wen teen Voorpos 35 - 20
O/11A Seunspan wen teen Magalieskruin 34 – 17.
O/11B Seunspan wen teen Lynnwood 33 – 32.
O/11A Meisiespan wen teen Lynnwood.
Baie geluk!

**KRIEKET:**

Die Krieketuitslae is soos volg:
O/9A het teen Wonderboom gespeel. Die beste kolwer was Rohan Louw en die beste bouler was Hendrew Schoeman.
O/9B het teen Garsfontein gespeel. Die beste kolwer en bouler was Anthony Grobler.
O/10A wen teen Wonderboom. Handré Pretorius was die beste kolwer en Zain Vorster die beste bouler.
O/11 het teen Wonderboom gespeel. Die beste kolwer was Deacon du Preez en die beste bouler was Xander Bronkhorst.
O/12 het gespeel teen Wonderboom. Hadley Els was die beste kolwer en JP Kruger die beste bouler.
O/13B wen teen Wonderboom. Neil Viljoen was die beste kolwer en bouler.
O/13A wen teen Wonderboom. Manie Jacobs was die beste kolwer en Juan Buitendag die beste bouler.
**Dag/Aand:** O11 wen hulle wedstryd. Die beste bouler was Xander Bronkhorst en beste kolwer was Ryan Cilliers.
O13 wen hulle wedstryd. Die beste kolwer was Morné Jacobs en beste bouler Roald Hattingh.
Baie geluk aan die spanne en spelers.

**MNR. EN MEJ. DANIE MALAN:**

Dis weer tyd vir Mnr en Mej Danie Malan vanaf 7 tot 10 September 2015.
Tema: “Madhatter’s Tea party”.
Leerders moet wit en swart aantrek, met ‘n “funky” hoed of hooftooisel.
Inskrywingsgeld: R40 Inskrywings sluit 20 Augustus 2015
Aande:
7 September – Gr R-1
**8 September – Gr 4-5 Die datum is gewysig aangesien die Graad 4-7 leerlinge 10 September SW skryf.**
**9 September – Gr 2-3 Die datum is gewysig.**
10 September – Gr 6-7
Borge en pryse kan na C. Schlechter gestuur word in kamer T6 (E6). Skoonheidsalonne en borge se name sal op die program as advertensies verskyn. Enige geskenkie vir ‘n seun of dogter kan as geskenke gestuur word. Ons maak vir die wenners ‘n geskenkpakkie op. Kaartjies vir die aande sal beskikbaar wees by die kantoor teen R40 per kaartjie.

1904 - 2004

LAERSKOOL DANIE MALAN

TEL: 546-1358
546-1368
FAKS: 546-0705

KOOS DE LA REYSTRAAT 279
POSBUS 16163

PRETORIA-NOORD 0182
PRETORIA-NOORD 0116

**Algemene navrae/ General enquiries:**
**navrae@daniemalan.co.za**
**Vrystellings/ Exemptions:**
**finansies2@daniemalan.co.za**
**Hoof/ Principal:**
**hoof@daniemalan.co.za**

**Akademie/ Academic:**
**hbloem58@gmail.com**
**Inskrywings/ Afwesighede/ Enrollment/ Absent:**
**ontvangs@daniemalan.co.za**
**Finansies / Finances :**
**finansies@daniemalan.co.za**
**Dissipline/ Sport/ Disscipline/ Sport:**
**fventer@daniemalan.co.za**

# OMSENDBRIEF 29 – 1 SEPTEMBER 2015

**ELEKTRONIESE KAARTSISTEEM*:***

Die skool nou 'n elektroniese kaartsisteem. Ouers kan enige betaling aan die skool dus met 'n debiet- of kredietkaart maak.

**MERIETE TROFEES:**

Trofees ontvang in 2014 se Meriete funksie moet gegraveer teruggestuur word skool toe.

**SKOOLFONDSREKENINGE:**

Ons gaan die skoolrekeninge aan u epos, tensy u 'n **harde kopie** verlang. ***Voltooi asb. die onderstaande afskeurstrokie indien u, u rekening per hardekopie wil ontvang.*** Indien ons geen terugvoer van u ontvang nie, sal u voortaan u skoolrekening net per epos ontvang. Vanaf 2016 sal alle kommunikasie net via die "School communicator", webblad en per epos gedoen word.

**BELONING – VRYDAE 13:00:**

Op Vrydag, 4 September 2015 verdaag die Gr 1-7 leerders om 13:00, omdat die terrein netjies was. Die Graad 7's help die week met die opruiming.

Vriendelike groete

H Smith
Hoof

**NOORDELIKE PRETORIA ONTWIKKELINGSKEMA (NPOS)**

***SEPTEMBERMAAND PROJEK***

**Indien dit moontlik is, vra ons asb. dat elke kind 'n blikkie kos, en nie-bederfbare kos, gedurende September skool toe bring en by die kantoor inhandig. Elke blikkie kos maak 'n groot verskil in dié gesinne se lewens.**




